


BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA.

**OFFICIAL GAZETTE**

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Maandag, 2 Desember 1968

WINDHOEK

Monday, 2 December 1968

No. 2945

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 187 Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967: Datum van inwerkingtreding . . . . .
- No. 188 Regulasies betreffende Huisvestingsinrigtings en Toerisme . . . . .

- Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967: Date of commencement . . . . . 1807
- Regulations relating to Accommodation Establishments and Tourism . . . . . 1808

**Goewermentskennisgewings.**

**Government Notices.**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 187.]

[2 Desember 1968.

No. 187.]

[2 December 1968.

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME 1967: DATUM VAN INWERKINGTREDING.

ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM ORDINANCE, 1967: DATE OF COMING INTO OPERATION.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 17 van die Ordonnansie op Huisvestigingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) te bepaal dat gemelde ordonansie op 2 Desember 1968 in werking tree.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 17 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967), to fix 2 December 1968 as the date on which the said ordinance shall come into operation.

No. 188.]

[2 Desember 1968.

## REGULASIES BETREFFENDE HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 12 van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) sy goedkeuring aan die onderstaande regulasies te heg:—

## REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME 1967 (Ordonnansie 29 van 1967).

*Woordbepaling.*

1. In hierdie regulasies sowel as in die bylaes, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

„bednag” ’n bed beskikbaar vir besetting deur ’n betalende gas vir enige enkele nag by ’n inrigting: Met dien verstande dat ’n bed wat in die reël vir besetting deur twee persone bedoel is, vir die doeleindes van hierdie woordbepaling, as twee beddens gereken word;

„bestuurder” met betrekking tot ’n inrigting, die natuurlike persoon wat met die bestuur daarvan belas is;

„die ordonnansie” die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967);

„diensheffing” enige bedrag bereken as ’n persentasie van ’n gas se rekening of andersins, wat gehef word as ’n deel van die inrigting se werknemers se vergoeding;

„direkteur” die Direkteur van Natuurbewaring en Toerisme;

„gas” ’n permanente inwoner of ’n toeris;

„gasteplaas” ’n inrigting waar huisvesting met etes en ontspanningsgeriewe teen betaling aan toeriste voorsien word;

„geteël” geteël met porselein- of keramiekteëls of marmor of ’n ander ekwivalente, ondeurdringbare materiaal deur die direkteur goedgekeur;

„gewone slaapkamer” een slaapkamer sonder ’n badkamer of stort en toiletgeriewe as ’n eenheid;

„gradering” wanneer dit as ’n selfstandige naamwoord gebruik word, ’n graad deur die direkteur in ooreenstemming met die raad bepaal en wanneer dit as ’n werkwoord gebruik word, beteken dit die toekenning van sodanige graad.

„groepering” wanneer dit as ’n selfstandige naamwoord gebruik word, ’n groep deur die direkteur in ooreenstemming met die raad bepaal en wanneer dit as ’n werkwoord gebruik word, beteken dit plasing in sodanige groep;

„hotel” enige inrigting wat deur die direkteur as hotel geregistreer is;

„hotelier” met betrekking tot ’n hotel, die natuurlike persoon wat met die bestuur daarvan belas is;

„inrigting” ’n huisvestingsinrigting soos bepaal in die ordonnansie;

„karavaanpark” of „woonwapark”, enige stuk grond wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die akkommodasie van woonwaens;

„karavaan” of „woonwa”, enige voertuig wat permanent uitgerus is vir gebruik deur persone vir woon- en

No. 188.]

[2 December 1968.

## REGULATIONS RELATING TO ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 12 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967) to approve the undermentioned regulations:—

## REGULATIONS IN TERMS OF THE ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM ORDINANCE, 1967 (Ordinance 29 of 1967).

*Interpretation of terms.*

1. In these regulations as well as in the annexures, unless the context otherwise indicates —

“bednight” shall mean a bed available for occupation by a paying guest for any one night at an establishment: Provided that for the purposes of this definition a bed which is ordinarily intended for occupation by two persons shall be regarded as two beds;

“bedroom” means a bedroom which is ordinarily occupied by a paying guest;

“bed-sitting room” means a unit, which is ordinarily occupied by a paying guest, comprising a sleeping portion separated from a permanent lounge by means of a low wall or curtain or some other acceptable means, a bathroom and toilet facilities;

“bedroom with bathroom” means a unit comprising one bedroom and bathroom with toilet facilities: Provided that for the purposes of this definition two bedrooms with bathrooms without toilet facilities shall be regarded as one bedroom with bathroom;

“bedroom with shower” means a unit comprising one bedroom and shower with toilet facilities: Provided that for the purposes of this definition two bedrooms with showers without toilet facilities shall be regarded as one bedroom with shower;

“caravan park” means any piece of land used or intended to be used for the accommodation of caravans;

“caravan” means any vehicle permanently fitted out for use by persons for living and sleeping purposes, whether or not such vehicle is a trailer;

“caravan site” means the land set aside within a caravan park for the parking of a caravan and its towing vehicle, if any.

“director” means the Director of Nature Conservation and Tourism.

“establishment” means an accommodation establishment as defined in the ordinance;

“floors” for the purposes of determining the number of lifts required, shall mean all floors, including the ground floor;

“grade” when used as a noun means a grade determined by the director in consultation with the board and when used as a verb means allotting such a grade;

“group” when used as a noun means a group determined by the director in consultation with the board, and when used as a verb means the act of placing into such a group;

“guest” means a permanent resident or a tourist;

- slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie.
- „karavaanstaanplek” die stuk grond of perseel wat binne 'n karavaanpark afgesonder is vir die parkeer van een karavaan en sy trekvoertuig, as daar is;
- „ligte verversings” tee, koffie, melk, mineraalwater en beskuitjies;
- „oorbewoning” in verband met enige kamer of plek waar enige persoon werk of woon, dat daar nie minstens 40 vk. voet vloeroppervlakte en 400 kubieke voet lugruimte vir elke inwoner oor die ouderdom van 10 jaar is nie en nie minstens die helfte van hierdie ruimte vir elke inwoner wat jonger as tien jaar is nie, en geen woning of deel daarvan mag deur so 'n groot aantal persone bewoon word sodat die slaapperiewe onvoldoende is om, behalwe in die geval van persone wat as man en vrou saamleef, doeltreffende skeiding in aparte kamers, tussen lede van die teenoorgestelde geslag, oor die ouderdom van tien jaar, te verseker nie, en wat deur steenmure of ander goedgekeurde afskortings, strekkende van die vloer tot by die plafon, geskei is nie. Sodanige konstruksie moet van so 'n aard wees dat dit ten genoeë van die direkteur, doeltreffende skeiding bewerkstellig;
- „permanente inwoner” 'n betalende gas, met inbegrip van 'n kind, wie se gewone verblyfplek by 'n bepaalde inrigting is, ongeag die tydperk van werklike verblyf by daardie inrigting;
- „ruskamp” 'n inrigting waar huisvesting in die vorm van tente, rondawels, kamers of rushuise aan toeriste voorsien word;
- „slaapkamer” 'n slaapkamer wat in die reël deur 'n betalende gas bewoon word;
- „slaapkamer met badkamer” 'n eenheid bestaande uit een slaapkamer en badkamer met toiletgeriewe: Met dien verstande dat vir die doel van hierdie woordbepaling twee slaapkamers met badkamers sonder toiletgeriewe as een slaapkamer met badkamer beskou word;
- „slaapkamer met stort” 'n eenheid bestaande uit een slaapkamer en stort met toiletgeriewe: Met dien verstande dat vir die doel van hierdie woordbepaling twee slaapkamers met storte sonder toiletgeriewe as een slaapkamer met stort beskou word;
- „slaapsitkamer” 'n eenheid wat in die reël deur 'n betalende gas bewoon word, bestaande uit 'n slaapgedeelte wat geskei is van 'n permanente sitkamer deur middel van 'n lae muur of gordyn of op 'n ander aanneemlike wyse, 'n badkamer en toiletgeriewe;
- „spesialiteitskroeg” 'n kroeg waar albei geslagte van die publiek toegelaat word;
- „standaardbed” 'n bed soos deur die direkteur goedgekeur is;
- „suite” 'n eenheid bestaande uit 'n permanente sitkamer, slaapkamer(s), badkamer(s) en toiletgeriewe;
- „toeris” 'n betalende gas, met inbegrip van 'n kind, wat by 'n bepaalde inrigting inwoon en wie se gewone verblyfplek elders is as daardie inrigting, ongeag die werklike tydperk van inwoning by daardie inrigting;
- „vloere” vir die bepaling van die vereiste getal hysbakke, alle vloere insluitende die grondvloer,
- “guest farm” means an establishment where tourists are provided, against payment, with accommodation including meals and recreation facilities;
- “hotel” any establishment registered as an hotel by the director;
- “hotelier” in relation to an hotel, means the natural person charged with the management thereof;
- “light refreshments” means tea, coffee, milk, mineral waters and biscuits;
- “manager” in relation to an establishment, means the natural person charged with the management thereof;
- “ordinary bedroom” means one bedroom without a bathroom or shower and toilet facilities, as a unit;
- “overcrowded” in relation to any room or place where any person works or dwells, means that there is less than 40 sq. feet of floor space and less than 400 cubic feet of air space for each occupier over the age of ten years and at least half this space for each occupier younger than ten years, and no dwelling, or part thereof may be occupied by such a number of persons that the sleeping accommodation is insufficient to allow of persons of opposite sexes over ten years of age, other than persons living together as husband and wife, being separated from one another by brick walls or other approved partitions extending from the floor to the ceiling and of such construction as in the opinion of the director reasonably sufficient, to render such segregation effective.
- “permanent resident” means a paying guest, including a child, whose normal place of residence is at a particular establishment irrespective of the period of actual residence at that establishment;
- “rest camp” means an establishment where tourists are provided with accommodation in the form of tents, rondawels, rooms or bungalows;
- “service charge” shall mean any fee calculated as a percentage of a guest's account or otherwise, levied as part of the emoluments of the establishments' employees;
- “speciality bar” shall mean any bar to which both sexes of the public are permitted;
- “standard bed” shall mean any bed as approved by the director;
- “suite” means a unit, comprising a permanent lounge bedroom(s), bathroom(s) and toilet facilities;
- “the ordinance” means the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967);
- “tiled” shall mean tiled with porcelain or ceramic tiles or marble or some other equivalent impervious material approved by the director;
- “tourist” means a paying guest, including a child, who stays at a particular establishment and whose normal place of residence is at a place other than at that establishment irrespective of the actual period of residence at that establishment;

en het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die ordonnansie gegee is, daardie betekenis.

and a word or expression to which a meaning has been assigned in the Ordinance shall bear that meaning.

*Onderskeidingstekens.*

2. (a) Die onderskeidingstekens vir die verskillende grade hotelle is soos volg:—

<i>Graad</i>	<i>Onderskeidingstekens</i>
Een-ster . . . . .	*
Twee-ster . . . . .	**
Drie-ster . . . . .	***
Vier-ster . . . . .	****
Vyf-ster . . . . .	*****

(b) Die onderskeidingstekens vir die verskillende grade ruskampe is soos volg:—

Een-ster — *
Twee-ster — **
Drie-ster — ***

(c) Die onderskeidingstekens vir die verskillende grade karavaanparke is soos volg:—

Een-ster — *
Twee-ster — **
Drie-ster — ***

(d) Die onderskeidingstekens vir die verskillende grade safari-ondernemings is soos volg:—

Een-ster — *
Twee-ster — **
Drie-ster — ***

3.1 Die onderskeidingstekens vir die verskillende groepe hotelle is soos volg:—

<i>Groep</i>	<i>Onderskeidingstekens</i>
Toeris . . . . .	T
Toeris/Residensieel . . . . .	T/R
Residensieel . . . . .	R

3.2 In die geval van 'n inrigting ten opsigte waarvan die een of die ander binneverbruikdranklisensie genoem in onderstaande Kolom I uitgereik is ingevolge die Drankproklamasie (Proklamasie 6 van 1920) moet die onderskeidingstekens voorgeskryf in onderstaande Kolom II tesame met die onderskeidingstekens voorgeskryf by regulasie 3.1. gebruik of vertoon word.

<i>Kolom I</i>	<i>Kolom II</i>
Hoteldranklisensie . . . . .	YYY
Wyn-en-bierlisensie . . . . .	YY
Maaltydwyn-en-bierlisensie . . . . .	Y

4. Binne drie maande nadat 'n hotelier/bestuurder kennisgewing ontvang het dat die groep waartoe sy inrigting behoort, bepaal is en dat sodanige inrigting gegradeer is, moet hy sorg dat die onderskeidingstekens wat van toepassing is op daardie groep en graad, op 'n opvallende plek by die ingang van daardie inrigting vertoon word en aangedui word op alle briefhoofde en op reklamemateriaal ten opsigte van sodanige inrigting op papier gedruk en deur of ten behoeve van daardie inrigting gebruik of uitgereik word. Borde waarop die onderskeie kentekens aangebring is, sal deur die Administrasie van Suidwes-Afrika voorsien word.

*Adviesraad op Huisvestingsinrigtings en Toerisme.*

5. Behoudens die voorskrifte betreffende die verrigtinge van die raad soos vervat in die ordonnansie geld die volgende verdere bepalinge:—

- Kennis van die belê van 'n vergadering van die raad word deur die sekretaris aan die lede gegee.
- 'n Agenda vir elke vergadering word deur die direkteur in oorleg met die voorsitter opgestel en sluit onder andere die volgende in:—
  - Bekragtiging van die notule van die vorige vergadering.
  - Enige sake vir verdere oorweging wat uit die notule voortspruit.

*Insignia.*

2. (a) The insignia for the various grades of hotels shall be as follows:—

<i>Grade</i>	<i>Insignia</i>
One-star . . . . .	*
Two-star . . . . .	**
Three-star . . . . .	***
Four-star . . . . .	****
Five-star . . . . .	*****

(b) The insignia for the various grades of rest camps shall be as follows:—

One-star . . . . .	*
Two-star . . . . .	**
Three-star . . . . .	***

(c) The insignia for the various grades of caravan parks shall be as follows:—

One-star . . . . .	*
Two-star . . . . .	**
Three-star . . . . .	***

(d) The insignia for the various grades of safari undertakings shall be as follows:—

One-star . . . . .	*
Two-star . . . . .	**
Three-star . . . . .	***

3.1 The insignia for the various groups of hotels shall be as follows:—

<i>Group</i>	<i>Insignia</i>
Tourist . . . . .	T
Tourist/Residential . . . . .	T/R
Residential . . . . .	R

3.2 In the case of an hotel in respect of which one or other of the on-consumption liquor licences mentioned in Column I below has been issued under the Liquor Proclamation (Proclamation 6 of 1920), the insignia prescribed in Column II below shall be used or displayed in conjunction with the insignia prescribed under regulation 3.1.

<i>Column I</i>	<i>Column II</i>
Hotel liquor licence . . . . .	YYY
Wine and malt liquor licence . . . . .	YY
Meal-time wine and malt licence . . . . .	Y

4. Within three months after an hotelier/manager has received notification that the group to which his establishment belongs has been determined and that it has been graded he shall cause the insignia relating to that group and grade to be prominently displayed at the entrance of that establishment, and show on all letterheads and advertising material printed on paper and used or issued by it or on its behalf, in respect of that establishment. Boards on which the various insignia are indicated will be provided by the Administration of South West Africa.

*Accommodation Establishments and Tourism Advisory Board.*

5. Subject to the provisions regarding the proceedings of the board as contained in the ordinance the following further provisions shall apply:—

- Notice of the convening of a meeting of the board shall be given by the secretary to the members.
- An agenda for every meeting shall be compiled by the director in consultation with the chairman, and shall *inter alia* include the following:—
  - Confirmation of the minutes of the previous meeting.
  - Any matters for consideration resulting from the minutes.

- (iii) Nuwe sake vir bespreking.
- (iv) Enigiets wat ter tafel kom.
- (c) Van elke vergadering moet behoorlik notule gehou word wat 'n opsomming van die sake wat behandel is en die raad se besluit daarvoor moet bevat.
- (d) Saam met die kennisgewing van die belê van 'n vergadering moet die agenda en 'n afskrif van die vorige vergadering se notule aan die lede gestuur word.
- (e) Die eerste vergadering van die raad vind plaas op 'n datum wat deur die Administrateur bepaal word.
- (f) Die raad kan wanneer nodig 'n komitee bestaande uit minstens twee lede van die raad en die sekretaris afvaardig om persoonlik 'n inspeksie uit te voer en skriftelik aan die raad verslag te doen.
- (g) Die raad moet aanbevelings maak ten opsigte van —
  - (i) die registrasie, gradering, hergradering en groepering van inrigtings;
  - (ii) die toestaan van lenings aan inrigtings en enige spesiale voorwaardes wat gestel moet word;
  - (iii) die registrasie van inrigtings, hoteliers/bestuurders en intrekking van sodanige registrasies;
  - (iv) enige saak wat deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika na die raad verwys word.

#### *Aansoeke om Registrasie.*

6. Aansoeke om registrasie as hotel, ruskamp, karaanpark of safari-onderneming, moet in duplikaat gerig word aan die direkteur op 'n vorm soos deur die direkteur voorgeskryf.

7. Alle aansoeke om registrasie word deur die direkteur aan die raad voorgelê vir 'n aanbeveling in verband met die registrasie, gradering en groepering daarvan, en laarna word dit deur hom oorweeg.

#### *Vergaderings van die Raad.*

8.1 Alle vergaderings van die raad moet *in camera* plaasvind en behoudens die bepalings van artikel 8 van die ordonnansie, is niemand geregtig om, hetsy persoonlik of verteenwoordig deur 'n advokaat of prokureur, voor die raad te verskyn nie.

8.2 Die raad moet die prosedure by enige van sy vergaderings bepaal.

#### *Spesiale onbevoegdheid van Lede van die Raad.*

9. Geen lid van die raad mag aan die oorweging van enige aansoek om registrasie, gradering, hergradering of enigs deelneem nie indien hy of sy eggenote of kind —

- (a) 'n eienaar, verbandgewer, verbandnemer, verhuurder of huurder is van die inrigting of die besigheid daarin gedryf ten opsigte waarvan sodanige aansoek gedoen word;
- (b) 'n vennoot, agent of werknemer is van die betrokke aansoeker;
- (c) 'n direkteur, bestuurder of ander beampte, werknemer of agent is van iemand wat 'n geldelike belang het by die inrigting of die besigheid daarin gedryf ten opsigte waarvan sodanige aansoek gedoen word; of
- (d) enige geldelike belang het by die betrokke inrigting of die besigheid daarin gedryf.

#### *Sertifikaat van Registrasie van Inrigtings.*

10. Wanneer 'n inrigting geregistreer word, moet die direkteur aan die hotelier/bestuurder 'n sertifikaat stuur n 'n vorm soos deur die direkteur bepaal. Die geraamde sertifikaat moet op 'n opvallende plek in die inrigting veroon word.

#### *Register van Inrigtings.*

11. Die direkteur moet 'n register aanlê en hou vir die registrasie en gradering van inrigtings.

- (iii) New matters for discussion.
- (iv) Anything that may be tabled.
- (c) Proper minutes containing a summary of the subjects dealt with and the board's decision thereon shall be kept.
- (d) The notice of the convening of a meeting accompanied by the agenda and a copy of the minutes of the previous meeting shall be sent to the members.
- (e) The first meeting of the board shall take place on a date to be determined by the Administrator.
- (f) The board may, when necessary, delegate a committee consisting of at least two members of the board and the secretary to do a personal inspection and submit a written report to the board.
- (g) The board shall make recommendations with regard to —
  - (i) the registration, grading, regrading and grouping of establishments;
  - (ii) the granting of loans to establishments and any special conditions that should be imposed;
  - (iii) the registration of establishments, hoteliers/managers and the withdrawal of such registrations;
  - (iv) any matter referred to the board by the Secretary for South West Africa.

#### *Applications for registration.*

6. Applications for registration as an hotel, a rest camp, caravan park or safari undertaking shall be submitted in duplicate to the director in the form prescribed by the director.

7. All applications for registration shall be submitted by the director to the board for a recommendation regarding the registration, grading and grouping thereof, and thereafter it is considered by him.

#### *Meetings of the board.*

8.1 All meetings of the board shall take place in private and, subject to the provisions of section 8 of the ordinance no person shall be entitled to appear before the board either personally or by counsel or attorney.

8.2. The procedure at any meetings of the board shall be determined by it.

#### *Special disqualification of members of the board.*

9. No member of the board shall take part in the consideration of any application for registration, grading or regrading or loans if he, or his spouse or child —

- (a) is an owner, mortgagee, mortgagor, lessor or lessee of the establishment or the business conducted therein in respect of which such application is made;
- (b) is a partner, agent or employee of the applicant to such application;
- (c) is a director, manager or other officer, employee or agent of any person who has a financial interest in the establishment or the business conducted therein in respect of which such application is made; or
- (d) has any financial interest in the establishment or the business conducted therein.

#### *Certificate of registration of establishments.*

10. If an establishment is registered the director shall forward to the hotelier/manager a certificate in the form as prescribed by the director. The framed certificate shall be prominently displayed in the establishment.

#### *Register of establishments.*

11. The director shall open and maintain a register for the registration and grading of establishments.

*Brosjures, Pamflette en Boekies.*

12. 'n Kopie van elke brosjure, pamflet of boekie wat betrekking het op die inrigting en uitgereik word deur of ten behoeve van daardie inrigting moet binne veertien dae nadat dit aan die publiek beskikbaar gestel is, deur die hotelier/bestuurder aan die direkteur verskaf word.

*Veranderings en groot Verbouings.*

13. Indien enige verandering plaasvind of enige groot verbouings gedoen word nadat 'n inrigting gegradeer is, moet die hotelier/bestuurder binne 21 dae na sodanige verandering of verbouings die direkteur skriftelik verwittig van die aard en omvang daarvan.

*Verandering van Naam van 'n Inrigting.*

14.1 Die naam van 'n inrigting soos aangedui op 'n sertifikaat waarvan in regulasie 10 melding gemaak word, mag nie sonder die goedkeuring van die direkteur verander word nie.

14.2 Elke aansoek om die naam van 'n inrigting te verander, moet in 'n vorm soos deur die direkteur bepaal, aan die direkteur voorgelê word.

14.3 Indien die direkteur 'n aansoek kragtens regulasie 14.2 goedkeur, moet hy 'n nuwe sertifikaat van registrasie aan die betrokke hotelier/bestuurder uitreik in die vorm soos voorgeskryf deur die direkteur en die hotelier/bestuurder moet, onmiddellik na ontvangs daarvan, die vorige sertifikaat aan die direkteur terugstuur vir kansellering.

*Aansoek om Hergradering van 'n Inrigting.*

15.1 Geen aansoek om die hergradering van 'n inrigting mag deur die direkteur oorweeg word nie indien sodanige aansoek gedoen word binne 'n tydperk van twaalf maande na die vorige gradering van sodanige inrigting.

15.2 Iemand wat verlang om aansoek te doen om die hergradering van 'n inrigting moet sodanige aansoek skriftelik, in duplo, aan die direkteur rig in die vorm soos deur die direkteur voorgeskryf en moet in sy aansoek sodanige inligting verstrek as wat in genoemde vorm gevra word.

15.3 Dit is 'n voorwaarde dat elke aansoek kragtens regulasie 15.1 vergesel moet gaan van 'n bedrag van R100: Met dien verstande dat, waar die direkteur as gevolg van sodanige aansoek 'n hoër gradering aan 'n inrigting toeken, die volle bedrag aan die aansoeker terugbetaal word.

15.4 Indien die direkteur, nadat hy die aanbeveling van die raad oorweeg het, daarvan oortuig is dat 'n laer of hoër gradering geregverdig is, moet hy aan die hotelier/bestuurder 'n nuwe sertifikaat van registrasie uitreik, en moet die hotelier/bestuurder onmiddellik na ontvangs daarvan die vorige sertifikaat aan die direkteur terugstuur vir kansellering.

*Versoek om Hersiening van Beslissings van die Direkteur.*

16. Elke versoek om 'n hersiening deur die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee van 'n beslissing van die direkteur moet skriftelik, in duplo aan die direkteur voorgelê word, in 'n vorm soos deur die direkteur voorgeskryf, en wel binne dertig dae nadat die hotelier/bestuurder van die direkteur se beslissing verwittig is.

*Registrasie as Hotelier/Bestuurder.*

17.1 Behoudens die bepalings van subregulasie (5) mag niemand die besigheid van 'n inrigting dryf nie tensy die hotelier/bestuurder van die betrokke inrigting as sodanig geregistreer is.

17.2 Elke aansoek om die registrasie van 'n hotelier/bestuurder moet skriftelik, in duplo in 'n vorm soos deur die direkteur bepaal aan die direkteur voorgelê word vir oorweging in oorleg met die raad.

17.3 Niemand word as hotelier/bestuurder geregistreer nie as hy:—

*Brochures, pamphlets and booklets.*

12. A copy of every brochure, pamphlet or booklet relating to the establishment and issued by it or on its behalf shall within fourteen days after being made available to the public be furnished to the director by the hotelier/manager.

*Changes and major alterations.*

13. If, after an establishment has been graded, any changes or any major alterations are effected to it, the hotelier/manager shall, within 21 days after such change or alterations, inform the director in writing of the nature and extent thereof.

*Alteration of name of an establishment.*

14.1 The name of an establishment as indicated on a certificate referred to in regulation 10 shall not be changed without the approval of the director.

14.2 Every application to change the name of an establishment shall be in the form prescribed by the director, and shall be submitted to the director.

14.3 If the director approves an application under regulation 14.2 he shall issue to the hotelier/manager concerned a new certificate of registration in the form as prescribed by the director and the hotelier/manager shall, upon receipt thereof, forthwith return the previous certificate to the director for cancellation.

*Application for regrading of an establishment.*

15.1 No application for the regrading of an establishment shall be considered by the director if such application is made within a period of twelve months after the previous grading of such establishment.

15.2 Any person desiring to apply for the regrading of an establishment shall do so in writing, in duplicate, to the director in the form prescribed by the director and shall furnish in the application such information as is solicited in the said form.

15.3 It shall be a condition of every application under regulation 15.1 that it shall be accompanied by a fee of R100: Provided that in the case where the director accords a higher grading to an establishment as a result of such application, the full amount shall be refunded to the applicant.

15.4 If the director, after having considered the recommendation of the board, is satisfied that a higher or lower grading is justified, he shall issue to the hotelier/manager a new certificate of registration and the hotelier/manager shall, upon receipt thereof, forthwith return the previous certificate to the director for cancellation.

*Request for review of decisions of the director.*

16. Every request for a review by the Administrator-in-Executive Committee, of a decision of the director shall be submitted to the director in writing, in duplicate in the form prescribed by the director within thirty days after the hotelier/manager has been advised of the director's decision.

*Registration as hotelier/manager.*

17.1 Subject to the provisions of subregulation (5) no person shall conduct the business of an establishment unless the hotelier/manager of the establishment concerned has been registered as such.

17.2 Every application for the registration of an hotelier/manager shall be submitted in writing, in duplicate, to the director in the form prescribed by the director for consideration in consultation with the board.

17.3 No one shall be registered as an hotelier/manager if he —

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;
- (b) binne 'n tydperk van vyf jaar voor die datum van sy aansoek ingevolge regulasie 17.1 skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevonnissen tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van meer as drie maande sonder die keuse van 'n boete; of
- (c) na die mening van die direkteur onbevoeg is om die pligte van 'n hotelier/bestuurder uit te voer;
- (d) ingevolge hierdie regulasies gediskwalifiseer is om as hotelier/bestuurder geregistreer te word.

17.4 Die direkteur kan te eniger tyd op aanbeveling van die raad die registrasie van 'n hotelier/bestuurder wat ingevolge hierdie regulasies gediskwalifiseer is om 'n hotelier/ bestuurder te wees, intrek.

17.5 Indien iemand wat as die hotelier/bestuurder van 'n inrigting geregistreer is om enige rede ophou om die hotelier/ bestuurder van daardie inrigting te wees, word enige volgende hotelier/bestuurder van daardie inrigting gedurende 'n tydperk van drie maande daarna geag ingevolge hierdie regulasie geregistreer te wees.

17.6 Die direkteur moet by die registrasie van 'n persoon as hotelier/bestuurder aan hom 'n sertifikaat van registrasie in 'n vorm soos deur die direkteur bepaal, uitreik.

17.7 Iemand wat die bepalings van subregulasie (1) hiervan oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigeoëvinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

*Beskadigde, vernietigde of verlore Sertifikaat.*

18.1 Elke aansoek om die vervanging van sertifikate van registrasie van die soort waarvan in regulasies 10 en 17.6 melding gemaak word, moet skriftelik in die vorm soos deur die direkteur bepaal, aan die direkteur voorgeleë word.

18.2 Die direkteur moet aan die hotelier/bestuurder van 'n inrigting 'n nuwe sertifikaat van registrasie uitreik ter vervanging van die beskadigde, vernietigde of verlore sertifikaat.

18.3 In die geval van 'n vervanging van 'n beskadigde sertifikaat moet die hotelier/bestuurder die ou sertifikaat onmiddellik na ontvangs van die nuwe sertifikaat aan die direkteur terugstuur vir kansellering.

*Verandering van Eienaar, Adres en Hotelier/Bestuurder.*

19. Wanneer daar 'n verandering is —

- (a) van die eienaar van die besigheid van 'n inrigting;
- (b) van die permanente adres van die eienaar van die besigheid; of
- (c) van die hotelier/bestuurder van 'n inrigting

moet die hotelier/bestuurder binne 'n tydperk van eenendertig dae vanaf sodanige verandering aan die direkteur skriftelike kennis daarvan gee.

*Gelde betaalbaar aan die Administrasie van Suidwes-Afrika.*

20. Die volgende gelde is aan die Administrasie van Suidwes-Afrika betaalbaar:—

- (a) Aansoek om registrasie as 'n inrigting ingevolge regulasie 6: R75.00
- (b) Versoek om 'n hersiening van 'n beslissing van die direkteur ingevolge regulasie 16: R50. Indien die hersiening slaag word die bedrag terugbetaal.

- (a) is an unrehabilitated insolvent;
- (b) has been convicted, within a period of five years prior to the date of application in terms of regulation 17.1, of an offence and sentenced to imprisonment for a period exceeding three months without the option of a fine; or
- (c) is, in the opinion of the director, not competent to perform the duties of an hotelier/manager;
- (d) has been disqualified in terms of these regulations from being registered as an hotelier/manager.

17.4 The director may at any time, on the recommendation of the board, cancel the registration of any hotelier/manager who is in terms of these regulations disqualified from being an hotelier or a manager.

17.5 If for any reason any person registered as the hotelier/manager of an establishment ceases to be the hotelier/manager of that establishment, any subsequent hotelier/manager of that establishment shall, during a period of three months thereafter, be deemed to be registered in terms of this regulation.

17.6 The director shall upon the registration of a person as an hotelier or a manager issue to him a certificate of registration in a form prescribed by the director.

17.7 Any person who contravenes the provisions of subregulation (1) hereof is guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months.

*Damaged, destroyed or lost certificates.*

18.1 Every application for the replacement of certificates of registration of the kind referred to in regulations 10 and 17.6 shall be submitted to the director, in writing in the form as prescribed by the director.

18.2 The director shall issue to the hotelier/manager of an establishment a new certificate of registration in replacement of the damaged, destroyed or lost certificate.

18.3 In the case of a replacement of a damaged certificate the hotelier/manager shall, upon receipt of a new certificate, forthwith return the old certificate to the director for cancellation.

*Change in ownership, address and hotelier/manager.*

19. Whenever there is a change in —

- (a) the ownership of the business of an establishment;
- (b) the permanent address of the owner of the business; or
- (c) the hotelier/manager of an establishment,

the hotelier/manager shall within a period of thirty-one days as from such change give notice in writing thereof to the director.

*Fees payable to the Administration of South West Africa.*

20. The following fees shall be payable to the Administration of South West Africa:—

- (a) Application for registration as an establishment in terms of regulation 6: R75.00.
- (b) Request for a review of a decision of the director in terms of regulation 16: R50.00. If the review is successful, this amount shall be refunded.

*Lenings.*

21. Alle aansoeke om lenings moet op 'n vorm soos deur die direkteur voorgeskryf, gedoen en aan die direkteur gerig word.

22. Alle aansoeke om lenings word deur die direkteur aan die raad voorgelê vir 'n aanbeveling aan die Administrateur. Die Administrateur is nie gebind om enige aansoek goed te keur nie en hy kan die bedrag na goeddunke verander.

23. Slegs aansoeke van inrigtings wat geregistreer of voorwaardelik geregistreer is, word oorweeg, en die prioriteite waarvolgens lenings toegestaan word, word deur die Administrateur op aanbeveling van die raad bepaal met inagneming van die ligging van die inrigting, die behoefte wat daar bestaan vir so 'n inrigting en enige inrigtings wat reeds in die omgewing bestaan. Voorkeur word gegee aan inrigtings wat hoofsaaklik toeriste bedien.

24. Lenings word slegs op eerste verband gegee en die lener is verantwoordelik vir alle koste om die verband te registreer. Geen lening word vir meer as 65% van die totale koste of waardasie, na gelang van die betrokke inrigting, grond, gebou, meublement en uitrusting toegestaan nie. Indien daar reeds 'n eerste verband teen 'n inrigting geregistreer is, kan die Administrateur oorweeg om die bestaande verband oor te neem en 'n eerste verband vir die hele bedrag te neem.

25. Goedgekeurde lenings word uitbetaal nadat die voorgestelde verbeterings ten genoë van die direkteur aangebring is. In gevalle waar groot lenings toegestaan is, kan bedrae periodiek soos die werk vorder, uitbetaal word, na voorlegging van argiteksertifikate.

26. Lenings kan toegestaan word teen rentekoerse soos van tyd tot tyd deur die Administrateur bepaal, en delging geskied in jaarlikse paaielemente van kapitaal en rente oor 'n termyn soos deur die Administrateur na oorlegpleging met die raad bepaal word. Die termyn mag nie 20 jaar oorskry nie. Rente word bereken vanaf die datum waarop uitbetaling geskied en word agteruit betaal.

27. Indien 'n lening aan 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid toegestaan word, is dit 'n vereiste dat die direkteure van die maatskappy elkeen persoonlik hom bereid verklaar om die lening te waarborg deur 'n sekerheidstelling wat vir die direkteur aanneemlik is, indien dit deur die direkteur op grond van besondere omstandighede noodsaaklik geag word.

28. Ten opsigte van inrigtings waaraan lenings toegestaan is, het die direkteur die reg om:

- (a) die hotelier/bestuurder goed te keur, en
- (b) te vereis dat gesertifiseerde verslae oor die werksaamhede van die inrigting gereeld ingedien word;
- (c) te vereis dat geen verhoging van die inrigting se tariewe plaasvind sonder sy goedkeuring nie; en
- (d) te vereis dat 'n notariële verband gegee word oor ameublement en los bates wat op die perseel is.

29. In geval van wanbetaling van die jaarlikse paaielemente of indien daar tydens 'n inspeksie gevind word dat die inrigting wanbestuur word, kan die direkteur —

- (a) die hotelier/bestuurder vervang;
- (b) die bestuur van die inrigting as 'n tussentydse maatreël oorneem en sover nodig uitgawes aan of in verband met die dryf van die inrigting namens die lener aangaan, of
- (c) die verband oproep, of
- (d) die besigheid as 'n lopende saak verkoop.

*Groepering en gradering van Hotelle.*

30. Daar word bepaal:—

- (a) Dat hotelle gegroepeer moet word in die groepe in kolom I van Bylae I hiervan uiteengesit en moet voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in kolom II daarvan;

*Loans.*

21. All applications for loans shall be submitted to the director in the form prescribed by him.

22. All applications for loans shall be submitted by the director to the board for a recommendation to the Administrator. The Administrator is not bound to approve any application and he may alter the amount as he may deem fit.

23. Only applications from establishments which have been registered, or provisionally registered, shall be considered and the priority on which loans shall be granted shall be determined by the Administrator on recommendation of the board with due allowance for the location of the establishment, the need which exists for such an establishment and any existing establishments in the vicinity. Preference will be given to establishments which cater mainly for tourists.

24. Loans will only be granted against a first mortgage bond and the borrower shall be responsible for all costs involved in registering the bond. No loan will be granted for more than 65% of the total cost or valuation, as the case may be, of the relevant establishment, land, building furniture and equipment. If a first mortgage bond has already been registered against the establishment, the Administrator may consider taking over the existing bond and accepting a first mortgage bond for the whole amount.

25. Approved loans shall be paid out after the proposed improvements have been completed to the satisfaction of the director. In cases where large loans have been granted amounts may be paid out periodically as the work progresses on submission of certificates by an architect.

26. Loans may be granted at rates of interest as determined from time to time by the Administrator and redemption shall take place in yearly instalments of capital and interest over a period as determined by the Administrator after consultation with the board. The period shall not exceed 20 years. Interest shall be calculated from the date of payment and shall be paid in arrear.

27. If a loan is granted to a company with limited liability, it shall be a requisite that the directors of the company each personally declare himself prepared to guarantee the loan by security acceptable to the director, should the director deem it necessary by reason of special circumstances.

28. With regard to establishments to which loans have been granted the director shall have the right to —

- (a) approve the hotelier/manager, and
- (b) require that certified reports on the activities of the establishment be submitted regularly;
- (c) require that no increase in the establishments tariffs take place without his approval; and
- (d) require that a notarial bond be given in respect of furniture and loose assets which are on the stand.

29. In case of non-payment of the yearly instalments or, if it is found during an inspection that the establishment is misgoverned, the director may —

- (a) replace the hotelier/manager,
- (b) take over the management as an interim measure and incur the necessary expenditure to, or in respect of running the establishment, on behalf of the borrower, or
- (c) call in the bond, or
- (d) sell the business as a going concern.

*Grouping and grading of hotels.*

30. It is provided —

- (a) that hotels shall be grouped in the groups set out in Column I of Schedule I hereto and shall comply with the requirements set out in Column II thereof;



- (b) dat hotelle gegradeer moet word van een tot vyf sterre na gelang van die vereistes uiteengesit in Bylae II hiervan, wat hierby voorgeskryf word as die minimum vereistes waaraan die verskillende grade van hotelle moet voldoen;
- (c) dat die vereistes uiteengesit in Bylae III hiervan die minimum vereistes is vir al die verskillende grade hotelle vermeld in paragraaf (b) waaraan sodanige hotelle moet voldoen bo en behalwe die vereistes uiteengesit in Bylae II hiervan;
- (d) dat hotelle gegradeer moet word volgens 'n stelsel van punte toegeken deur die direkteur op aanbeveling van die raad op die grondslag uiteengesit in Bylae IV hiervan, en dat hulle gegradeer moet word volgens die getal punte aldus toegeken ooreenkomstig die volgende skaal:—

<i>Gradering</i>	<i>Getal punte toegeken.</i>
Een-ster . . . . .	400— 550
Twee-ster . . . . .	551— 650
Drie-ster . . . . .	651— 750
Vier-ster . . . . .	751— 900
Vyf-ster . . . . .	901—1,000;

- (e) dat, ongeag die bepalings van paragraaf (d) —
  - (i) die direkteur 'n laer gradering aan sodanige hotel kan toeken op versoek van sy hotelier en ondanks die feit dat so 'n hotel in 'n besondere graad val as gevolg van die getal punte kragtens genoemde paragraaf daaraan toegeken;
  - (ii) geen hotel op 'n besondere gradering geregtig is nie, tensy dit ook voldoen aan al die minimum vereistes vir daardie graad soos uiteengesit in die Bylaes II en III hiervan.

*Gradering van Ruskampe.*

31. Daar word bepaal —

- (a) dat ruskampe moet voldoen aan die vereistes uiteengesit in Bylae V hiervan, wat die minimum vereistes is;
- (b) dat ruskampe gegradeer moet word volgens 'n stelsel van punte toegeken deur die direkteur op aanbeveling van die raad en op die grondslag uiteengesit in Bylae VI hiervan op die volgende skaal:—

<i>Gradering</i>	<i>Getal punte toegeken</i>
Een-ster . . . . .	40— 55
Twee-ster . . . . .	56— 80
Drie-ster . . . . .	81—100

*Gradering van Gasteplase.*

32. Daar word bepaal dat gasteplase moet voldoen aan die vereistes soos vir hotelle gestel en op dieselfde basis gegradeer moet word.

